(1,1) -1- Sallies_Afr_T2IB03209.indd 2011/09/29 9:18 AM

SALLIES

SALLIES LIMITED
(In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)
(Registrasienommer 1903/001879/06)
JSE-aandeelkode: SAL ISIN: ZAE000022588
("Sallies" of "die Maatskappy" of "die Groep")

VERKORTE GEOUDITEERDE GEKONSOLIDEERDE RESULTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2011

HOOGTEPUNTE

- **Verlies per aandeel met 33% verlaag tot 6,6 sent per aandeel (F2010: 9,8 sent per aandeel)**
- **Witkop het produksie hervat en 32 027 nat metrieke ton ("nmt") suurgraadvloeispaat vir die jaar geproduseer**
- **15 076 droë metrieke ton ("dmt") teen gemiddelde pryse van meer as VS$357 per dmt uitgevoer**

SAAMGEVATTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

R'000	**Jaar geëindig 30 Junie 2011 Geouditeer**	Jaar geëindig 30 Junie 2010 Geouditeer
Inkomste – mynbou	**56 071**	60 815
Netto valutaverliese	**(775)**	(1 091)
Koste van verkope	**(52 222)**	(59 929)
Wins/(verlies) uit mynbou-aktiwiteite	**3 074**	(205)
Min: Depresiasie	**(15 769)**	(19 451)
Bedryfsverlies uit mynbou	**(12 695)**	(19 656)
Verlies met verkoop van aanleg, eiendom en toerusting	**–**	(611)
Administratiewe uitgawes	**(29 095)**	(18 174)
Beleggingsinkomste	**2 017**	320
Finansieringskoste op lenings	**(1 467)**	(6 432)
Rente op omskepbare skuldbriewe	**(7 216)**	(7 224)
Billikewaarde-aanpassing aan ontoeganklike beleggings	**716**	247
Verlies voor Honeywell, aandeelgebaseerde betalings en Buffalo-waardedaling	**(47 740)**	(51 530)
Rentevoorsiening vir Honeywell-toekenning	**–**	(464)
Veronderstelde rente op omskepbare skuldbriewe	**(3 797)**	(3 204)
Aandeelgebaseerde betalings	**–**	(920)
Verlies voor Buffalo-waardedaling	**(51 537)**	(56 118)
Buffalo-waardedaling	**–**	(6 464)
Netto verlies voor belasting	**(51 537)**	(62 582)
Belasting	**5 269**	–
Netto verlies na belasting	**(46 268)**	(62 582)
Totale omvattende verlies vir die tydperk	**(46 268)**	(62 582)
Uitgereikte aandele (000)	**724 556**	642 220
Geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele (000)	**704 479**	642 220
Geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele vir verwaterde verdienste per aandeel (000)	**704 479**	642 220

SAAMGEVATTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

R'000	**30 Junie 2011 Geouditeer**	30 Junie 2010 Geouditeer
BATES		
Nie-bedryfsbates	**96 019**	102 561
Beleggingseiendomme	**1 349**	3 143
Ontoeganklike belegging	**4 095**	2 779
Eiendom, aanleg en toerusting	**80 400**	86 464
Klandisiewaarde	**10 175**	10 175
Bedryfsbates	**75 511**	72 609
Voorraad	**51 428**	31 576
Rekenings ontvangbaar – handel	**12 237**	12 160
Rekenings ontvangbaar – ander	**1 638**	1 383
Belasting voorafbetaal	**–**	2 789
Kontant en kontantekwivalente	**10 208**	24 701
Totale bates	**171 530**	175 170
EKWITEIT EN LASTE		
Kapitaal en reserwes	**611**	35 671
Aandelekapitaal en -premie	**295 873**	284 787
Gedeelte van omskepbare skuldbriewe geag ekwiteit te wees	**17 102**	17 102
Aandeelgebaseerde betalingsreserwe	**19 068**	18 946
Opgehoopte verlies	**(331 432)**	(285 164)
Nie-bedryfslaste	**148 454**	109 053
Langtermynlening	**34 747**	1 287
Voorsiening vir omgewingsrehabilitasie	**48 676**	46 532
Gedeelte van omskepbare skuldbriewe geag skuld te wees	**65 031**	61 234
Bedryfslaste	**22 465**	30 446
Handels- en ander betaalbare rekenings	**21 178**	27 806

(1,2) -1- Sallies_Afr_T2IB03209.indd 2011/09/29 9:18 AM

Uitgereikte aandele (000)	**724 556**	642 220
Geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele (000)	**704 479**	642 220
Geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele vir verwaterde verdienste per aandeel (000)	**704 479**	642 220
REKONSILIASIE VAN VERDIENSTE		
Netto verlies toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers vir basiese verdienste per aandeel	**(46 268)**	(62 582)
Verlies met verkoop van aanleg en toerusting	**43**	611
Billikewaarde-aanpassing aan beleggingseiendomme	**1 627**	–
Impak van die waardedaling van Buffalo vaste bates	**–**	6 464
Netto verlies toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers vir wesensverdienste per aandeel	**(44 598)**	(55 507)
VERLIES PER AANDEEL (sent)		
Verlies per aandeel (sent)	**(6,6)**	(9,8)
Verwaterde verlies per aandeel (sent)	**(6,6)**	(9,8)
Wesensverlies per aandeel (sent)	**(6,3)**	(8,7)
Verwaterde wesensverlies per aandeel (sent)	**(6,3)**	(8,7)

SAAMGEVATTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

R'000	Aandele-kapitaal	Aandele-premie	Gedeelte van omskepbare skuldbriewe geag ekwiteit te wees	Aan-deel ge-baseerde-betalings-reserwe	Opge-hoopte verlies	Totaal
Saldo op 30 Junie 2009	642	284 145	17 102	19 981	(222 582)	99 288
Totale ander omvattende verlies	–	–	–	–	(62 582)	(62 582)
Transaksies met eienaars:						
Aandeelgebaseerde betalings	–	–	–	(1 035)	–	(1 035)
Totale transaksies met eienaars	–	–	–	(1 035)	–	(1 035)
Saldo op 30 Junie 2010	642	284 145	17 102	18 946	(285 164)	35 671
Totale ander omvattende verlies	**–**	**–**	**–**	**–**	**(46 268)**	**(46 268)**
Transaksies met eienaars:						
Aandeelgebaseerde betalings	**–**	**–**	**–**	**122**	**–**	**122**
Aandele uitgereik	**83**	**11 003**	**–**	**–**	**–**	**11 086**
Totale transaksies met eienaars	**83**	**11 003**	**–**	**122**	**–**	**11 208**
Saldo op 30 Junie 2011	**725**	**295 148**	**17 102**	**19 068**	**(331 432)**	**611**

Bedryfslaste	**22 465**	30 446
Handels- en ander betaalbare rekenings	**21 178**	27 806
Lopende gedeelte van langtermynlaste	**1 287**	2 640
Totale ekwiteit en laste	**171 530**	175 170
Bedryfsbate/bedryfslas-verhouding	**3,4**	2,5
Netto batewaarde per aandeel (sent)	**0,1**	5,7

SAAMGEVATTE GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT

R'000	Jaar geëindig 30 Junie 2011 Geouditeer	Jaar geëindig 30 Junie 2010 Geouditeer
Netto kontant(uitvloei) uit bedryfsaktiwiteite	**(36 513)**	(2 770)
Netto kontant(uitvloei)/invloei uit beleggingsaktiwiteite	**(10 088)**	470
Netto kontantinvloei/(uitvloei) uit finansieringsaktiwiteite	**32 108**	(4 030)
Netto (afname) in kontant en kontantekwivalente	**(14 493)**	(6 330)
Kontant en kontantekwivalente aan begin van jaar	**24 701**	31 031
Kontant en kontantekwivalente aan einde van jaar	**10 208**	24 701

VERKORTE SEGMENTELE ONTLEDING

R'000	Witkop NW-provinsie	Buffalo Limpopo	Ander	Groep
Jaar geëindig 30 Junie 2010				
Eksterne inkomste	57 665	3 150	–	60 815
Intersegmentele inkomste	–	–	73 707	73 707
Segmentele wins/(verlies)	(105 419)	(10 575)	53 412	(62 582)
Totale bates	169 147	3 326	2 697	175 170
Totale laste	(33 668)	(20 025)	(85 806)	(139 499)
Jaar geëindig 30 Junie 2011				
Eksterne inkomste	**51 736**	**4 135**	**–**	**56 071**
Intersegmentele inkomste	**–**	**–**	**16 558**	**16 558**
Segmentele verlies	**(41 043)**	**(3 281)**	**(1 944)**	**(46 268)**
Totale bates	**169 334**	**717**	**1 479**	**171 530**
Totale laste	**(303 678)**	**(121 312)**	**254 076**	**(170 919)**

KOMMENTAAR VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2011

INLEIDING
Soos aandeelhouers voorheen in kennis gestel is, het die Maatskappy se twee filiale hulle bedrywighede in die vorige finansiële jare gestaak en hulle is op 'n versorging-en-instandhoudingsgrondslag geplaas. In Maart van hierdie jaar het die Witkop-vloeispaatmyn bedrywighede hervat en teen die jaareinde suurgraadvloeispaat van hoë gehalte geproduseer en uitgevoer.

Die Maatskappy het op 28 Desember 2010 op SENS aangekondig dat sy beherende aandeelhouers 'n voorwaardelike transaksie aangegaan het om hulle belegging in die Maatskappy aan Maghreb Minerals Plc, wat vervolgens tot Fluormin Plc ("Fluormin") hernoem is, te verkoop en dat aandeelhouers transaksies in hulle Sallies-aandele met omsigtigheid moet aangaan, hangende ontvangs van die verpligte aanbod deur Fluormin aan Sallies se minderheids-gewone aandeelhouers en skuldbriefhouers.

BEMARKING
Gedurende F2011 het Sallies 'n bemarkingsooreenkoms met FluorOne Trading Limited, B.V.I. ("FluorOne") aangegaan, ingevolge waarvan FluorOne Sallies alleenverteenwoordig vir vloeispaatverkope buite Suid-Afrika. Bestellings vir die hele kalenderjaar 2011 se produksie met verkope aan Europa, Noord-Amerika, Indië, Japan en China is ontvang.

BEDRYWIGHEDE
Geen noodlottige ongelukke het gedurende die oorsigtydperk by die twee bedrywighede plaasgevind nie.

BELANGRIKE GEBEURTENISSE NA JAAREINDE
Op Vrydag, 9 September 2011 het Firebird Global Master Fund, Limited en sy geaffilieerde Firebird Global Master Fund Limited II (gesamentlik, "Firebird"), wat ongeveer 67% van Sallies gewone aandele en ongeveer 58% van Sallies omskepbare skuldbriewe gehou het, aangekondig dat hulle hul besit aan Fluormin Plc verkoop het.

Aangesien Fluormin se besit van Sallies gewone aandele en Sallies omskepbare skuldbriewe 35% in elke geval oorskry, word daar ooreenkomstig Artikel 123 van die Maatskappywet, No. 71 van 2008 (die "Wet"), van Fluormin vereis om 'n verpligte aanbod aan die oorblywende Sallies-sekuriteitehouers te doen (die "aanbod"). Fluormin het besluit om die aanbod ooreenkomstig Artikel 114 van die Wet te implementeer.

Onderworpe aan sekere voorwaardes sal die aanbod by wyse van 'n reëlingskema ooreenkomstig die bepalings van Artikel 114 van die Wet ten opsigte van Sallies se gewone aandeelhouers en houers van Sallies omskepbare skuldbriewe ten uitvoer gebring word (die "aandeleskema") ingevolge waarvan Sallies-aandeelhouers 0,0277 Fluormin gewone aandele vir elke een Sallies-aandeel wat gehou word, of 'n kontantteenprestasie van 14 sent per Sallies-aandeel, kan ontvang. Houers van Sallies omskepbare skuldbriewe kan 0,0646 Fluormin gewone aandele vir elke een Sallies-skuldbrief wat gehou word, of 'n kontantteenprestasie van 50 sent per skuldbrief, ontvang.

Indien die aandeleskema suksesvol geïmplementeer word, sal Sallies 'n volfiliaal van Fluormin word en die notering van sy aandele en omskepbare skuldbriewe op JSE Beperk sal beëindig word. Indien die transaksie ooreenkomstig Artikel 114 van die Wet misluk, sal Fluormin steeds aansprreeklik wees om 'n onvoorwaardelike verpligte aanbod

ingevolge waarvan FluorOne Sallies alleenverteenwoordig vir vloeispaatverkope buite Suid-Afrika. Bestellings vir die hele kalenderjaar 2011 se produksie met verkope aan Europa, Noord-Amerika, Indië, Japan en China is ontvang.

BEDRYWIGHEDE

Geen noodlottige ongelukke het gedurende die oorsigtydperk by die twee bedrywighede plaasgevind nie.

Witkop

Gedurende die jaar is al die mynboutoerusting en -voertuie in stand gehou en gereed gehou vir die eventuele herinbedryfstelling van die myn. Die primêre vergruiser is herbou en gemodifiseer om groter volumes te hanteer en deurset te verhoog. Oortollige pypwerk en elektriese bekabeling is uit die produksieaanleg gestroop en verkoop. Die bestuur van die slykdamme is uitgekontrakteer ooreenkomstig 'n kontrak wat rehabilitasie daarvan en grasaanplanting vir stofbeheer insluit.

Die myn is in Maart weer in bedryf gestel en teen die jaareinde was 32 027 nmt suurgraadvloeispaat geproduseer. 11 089 nmt suurgraadvloeispaat is spoorlangs na Durban vervoer en teen gemiddelde pryse van meer as VS$387 per dmt uitgevoer.

Buffalo

Die Buffalo-verwerkingsaanleg het die hele jaar op 'n versorging-en-instandhoudingsgrondslag gebly. Toetswerk het gedurende die jaar voortgeduur om die fosforvlakke in die uitskotdamme te verlaag, tesame met toetswerk om vloeispaat uit die fynerts in die aggregaathope te haal. Daar bestaan egter geen planne om bedrywighede in die nabye toekoms te hervat nie.

FINANSIERING

Op 30 Junie 2011 het kwasi-kontant R10 miljoen (F2010: R25 miljoen) bedra. Myninkomste het van R60,8 miljoen in 2010 tot R56,0 miljoen in 2011 afgeneem. Die bedryfsverlies uit mynbou vir F2011 is R12,7 miljoen vergeleke met R19,7 miljoen in 2010. Die verlies voor belasting is R51,5 miljoen (F2010: R62,6 miljoen).

Die Switserse Arbitrasietribunaal het VS$1 243 824 plus rente teen 5% per jaar vanaf 19 Januarie 2006 aan Honeywell toegeken. Hierdie toekenning is gedurende die huidige jaar vereffen deur die uitreiking van 82 335 700 gewone aandele teen 'n uitgifteprys van 13,5 sent per aandeel deur die maatskappy. Dit was 'n spesifieke aandele-uitgifte vir kontant ooreenkomstig die algemene magtiging wat deur Sallies se aandeelhouers verleen is.

Die geskil met die Suid-Afrikaanse Inkomstediens ("SAID") oor belasting op toegevoegde waarde van R3,2 miljoen is opgelos en betaling is ontvang. Witkop was betrokke in 'n geskil met SAID oor die terugbetaling van inkomstebelasting van R6,7 miljoen. Hierdie saak is in die Belastinghof aangehoor en uitspraak is ten gunste van Witkop gelewer en die terugbetaling plus opgelope rente is ontvang. Die gedeelte van die terugbetaling wat, as gevolg van die moontlike aard daarvan, nie voorheen as 'n ontvangbare bedrag verantwoord is nie, word as 'n belastingkrediet in die saamgevatte gekonsolideerde staat van omvattende inkomste getoon.

Om die herinbedryfstelling van Witkop te finansier, het die Maatskappy 'n bedryfskapitaalbefondsingsooreenkoms met Fluormin (via sy plaaslike filiaal) vir die randekwivalent van VS$8 miljoen aangegaan, waarvan die randekwivalent van VS$5 miljoen teen die jaareinde onttrek was en in die staat van finansiële posisie as die langtermynlening verskyn. Die fasiliteit is ongesekureer, in rand gedenomineer, betaal rente teen 10% per jaar en is teen Desember 2012, of vroeër in Sallies se diskresie, terugbetaalbaar.

Soos by die jaareinde het Witkop 'n waarborg ten bedrae van R2,2 miljoen vir sy rehabilitasieverpligtinge ten gunste van die Departement van Mineraalhulpbronne ("DMH") gereël. Hierdie waarborg het op 31 Julie 2011 verstryk en word op 'n gefaseerde grondslag teen 30 Junie 2012 deur 'n geraamde bedrag van R25 miljoen vervang. 'n Dekkende eerste verband sal as sekuriteit oor die Witkop-eiendomme geregistreer word. Die maandelikse bydrae tot die ontoeganklikebelegging-polisse sal dienooreenkomstig verhoog word.

Geen dividende is vir die huidige finansiële jaar verklaar nie.

Daar was geen wesenlike veranderings in reserwes nie.

MENSEHULPBRONNE

Die arbeid wat nodig was om die Witkopmyn weer in bedryf te stel, is ingevolge 'n terugroepooreenkoms met die twee vakbonde wat deur die myn erken word, gewerf. In hierdie proses is voorkeur verleen aan vorige werknemers wat medies geskik is om die taak te verrig waarvoor hulle gehuur word. Op 30 Junie 2011 was 208 persone by Witkop in diens. Die terugroep van die werkers het Witkop 'n geleentheid gegee om 'n gesonde arbeidsmag te ontwikkel waarvan die ras- en geslagsamestelling die demografiese werklikheid van die land weerspieël soos deur die wet en Witkop se mynregte vereis.

OOREENKOMSTE MET AFRICAN RENAISSANCE HOLDINGS LIMITED ("ARH")

ARH is Sallies se SEB-vennoot. Histories agtergeblewe Suid-Afrikaners, soos in die Wet op die Ontwikkeling van Mineraal- en Petroleumhulpbronne gedefinieer, besit die meerderheidsbelang in ARH en bestuur hom.

Sallies, Witkop en Buffalo het verskeie onderling verbonde ooreenkomste aangegaan ingevolge waarvan ARH 'n begunstigde aandeelhouer van 26% in elk van Witkop en Buffalo sal word. ARH sal op aandele in Witkop teen 'n totale teenprestasie van R83 miljoen inskryf. Sallies het op voorkeuraandele in Witkop ingeskryf, wat 'n dividend gelyk aan die nabelasting-rentekoste van sy lening aan Witkop sal betaal. Wanneer die lening, insluitende opgelope rente, ten volle terugbetaal is en Witkop winste genereer, sal dividende op die gewone aandele verklaar word. ARH het onderneem om 31% van fondse wat hy ontvang uit te keer aan die gemeenskappe waaruit Witkop sy werknemers verkry. ARH sal sy 26%-aandelebesit in Buffalo teen pari vir kontant verkry sonder dat finansiële bystand nodig sal wees. Die voorkeuraandele wat Sallies besit, sal 'n dividend gelyk aan die nabelasting-rentekoste van sy lening aan Buffalo betaal en, soortgelyk aan die Witkop-ooreenkomste, sal ARH dividende ontvang uit die winste wat Buffalo genereer, waarvan 31% aan die gemeenskappe waaruit die werknemers verkry word, uitgekeer sal word.

aandeel, kan ontvang. Houers van Sallies omskepbare skuldbriewe kan 0,0646 Fluormin gewone aandele vir elke een Sallies-skuldbrief wat gehou word, of 'n kontantteenprestasie van 50 sent per skuldbrief, ontvang.

Indien die aandeleskema suksesvol geïmplementeer word, sal Sallies 'n volfiliaal van Fluormin word en die notering van sy aandele en omskepbare skuldbriewe op JSE Beperk sal beëindig word. Indien die transaksie ooreenkomstig Artikel 114 van die Wet misluk, sal Fluormin steeds aanspreeklik wees om 'n onvoorwaardelike verpligte aanbod ooreenkomstig Artikel 123 van die Wet te doen.

Op 23 Junie 2011 het Sallies 'n leningsooreenkoms met TSC Investments Limited ("TSC") aangegaan ooreenkomstig waarvan Sallies VS$2 800 000 geleen het, wat, in sekere omstandighede, waarvan een die aankondiging van 'n verpligte aanbod deur Fluormin is om die oorblywende aandele in Sallies wat hy nie besit nie, te verkry, in gewone aandele in Sallies omskepbaar was. Die verpligte aanbod is op 9 September 2011 aangekondig waarop die lening in 183 059 337 gewone aandele in Sallies teen 11 sent per aandeel in ooreenstemming met die bepalings van die ooreenkoms, wat op 6 September 2011 deur aandeelhouers goedgekeur was, omgeskep is.

Op 6 September 2011 het Sallies-aandeelhouers die magtiging van die direkteure om die maatskappy te magtig om direkte of indirekte finansiële bystand aan verwante of onderling verwante maatskappye te verleen by spesiale besluit goedgekeur soos ooreenkomstig Artikel 45 van die Maatskappywet vereis.

OPSTELLINGSGRONDSLAG

Hierdie geouditeerde resultate is 'n samevatting van die gekonsolideerde finansiële state en is in ooreenstemming met die erkennings- en metingskriteria van Internationale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS), die aanbiedings- en openbaarmakingsvereistes van IAS 34 – Tussentydse Finansiële Rapportering, die RE 500-standaarde soos deur die Rekeningkundigepraktyke-raad of sy opvolger uitgereik, die Noteringsvereistes van JSE Beperk en die vereistes van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet opgestel op 'n grondslag wat met die vorige jaar ooreenstem.

LOPENDE ONDERNEMING

Die verwerkingsfasiliteit by Buffalo word van Oktober 2008 tot op hede op 'n versorging-en-instandhoudingsgrondslag gehou. Witkop het bedrywighede in Junie 2009 opgeskort maar het na herinbedryfstelling in Maart 2011 32 027 nmt suurgraadvloeispaat geproduseer waarvan 11 089 nmt uitgevoer is. Witkop se vooruitbestelboek is sterk, en alle produksie tot die derde kwartaal van F2012 is verkoop.

10% rente op die 144 miljoen uitgereikte ongesekureerde ondergeskikte omskepbare skuldbriewe van R0,50 elk word aan die einde van Junie en Desember betaalbaar teen R3,6 miljoen per betaling en indien dit vroeër omgeskep word, is 'n bedrag van ongeveer R72 miljoen ten opsigte van die skuldbriewe op 31 Desember 2012 terugbetaalbaar. Die kontantvloei tot 30 Junie 2012 dui aan dat die Maatskappy die fondse sal hê om hierdie rentekoste te betaal.

Die direkteure is van mening dat die Sallies-groep vir die afsienbare toekoms 'n lopende onderneming is, omdat hy toereikende middele het om al sy verbintenisse tot minstens 30 Junie 2012 na te kom. Die finansiële jaarstate is in ooreenstemming met rekeningkundige beleide wat op 'n lopende onderneming van toepassing is, opgestel.

VOORUITSIGTE

Kontant gegenereer uit winsgewende handeldrywing gedurende die res van F2012 sal vir die terugbetaling van die langtermynlening aangewend word.

Daar word gemeen dat Fluormin se verpligte aanbod waarskynlik sal slaag in welke geval Sallies voor 30 Junie 2012 gedenoteer kan word.

OUDITMENING

Die finansiële resultate is deur die Groep se eksterne ouditeure, BDO South Africa Geïnk., geouditeer. 'n Afskrif van hulle ongekwalifiseerde ouditverslag is by die Maatskappy se geregistreerde kantoor ter insae beskikbaar.

Op las van die direksie

N Davidoff
Nie-uitvoerende Voorsitter
30 September 2011

Direkteure

N Davidoff (Voorsitter), PR Cooke (Finansiële Direkteur en waarnemende HUB), J Kögl, SP Morris, S Swana, AN Kamau.

Bogenoemde direkteure het die amp dwarsdeur die finansiële jaar beklee en op die datum van hierdie verslag beklee hulle dit steeds.

RB Phiri is met ingang van 20 September 2011 as 'n nie-uitvoerende direkteur aangestel en beklee die amp op die datum van hierdie verslag.

Geregistreerde kantoor:
Blok C, Riverwalk Office Park, Matroosbergweg 41, Ashlea Gardens, Pretoria

Ouditeure:
BDO South Africa Geïnkorporeer
Blok C, Riverwalk Office Park, Matroosbergweg 41, Ashlea Gardens, Pretoria 0081
(Posbus 95436, Waterkloof, 0145)

Oordragsekretaris:
Computershare Investor Services (Eiendoms) Beperk (Registrasienommer 2004/003647/07)
Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001 (Posbus 61051, Marshalltown, 2107)

Borg:
Bridge Capital Advisors (Eiendoms) Beperk
2de Verdieping, Frickerweg 27, Illovo Boulevard, Illovo, 2196

ince.motiv